
Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.



Die O.B.



VIERDE JAARGANG. WOENSDAG, 21 FEBRUARIE 1945 No. 13

O.B. Veg Teen Onafrikaanse Ding

Kommandant-Generaal Onderstreep Krag van Volksbeweging


„Omdat die partystelsel nie Afrikaans is nie, is dit ook nie on-Afrikaans om dit te beveg nie. Dit het saam met die Union Jack hier ingekom en sal waarskynlik ook saam met hom weer hier uitgaan", het die kommandant-generaal, dr. J. F. J. van Rensburg, gesê toe hy verlede maand 'n groot vergadering in die stadsaal van Bethlehem toegespreek het. Die vergadering was een van 'n reeks wat in die generaalskap van genl. H. A. J. du Toit gehou is, en het gestaan onder bevel van hfkomdt. D. J. Pitout. Die gedissiplineerdeoptrede van die gehoor en die puik O.B.-wag het 'n gunstige indruk gemaak op die heelparty andersdenkende besoekers wat teenwoordig was.

As een van die bewyse dat die Ossewabrandwag nie dood is nie, soos beweer word, het die K.G. verwys na die opposisieleier se uitlating te Uitenhage dat die Ossewabrandwag vandag die gevaarlikste organisasie in die land is.

Hy kry vol merke vir hierdie stelling, want die O.B. is beslis die gevaarlikste organisasie vir daardie steisel waarsonder die amptelike opposisie geen bestaan kan hê nie. Die O.B. is gevaarlik, nie as 'n organisasie van rampokkers nie, maar omdat hy stry vir die partylose staat van 'n pres. Kruger en Steyn. Hierdie volkstaat skakel al die beste kragte wat daar is in. Getuienis hiervan is dat toe pres. Kruger verkies is as President, sy opponent, genl. Piet Joubert, nie amptelike leier van die opposisie geword het en jare in die woestyn moes gaan sit en huil het nie, maar hy het Kommandant-generaal van die gewapende magte geword, m.a.w. dis 'n staat waarin die tweede beste man die tweede beste betrekking beklee, en daar is geen roekelose verspilling van die beste kragte van ons volk nie, soos in die stelsel vir die behoud waarvan dr. Malan sy mede-republikein hand en tand beveg. Omdat die partystelsel nie Afrikaans is nie, is dit ook nie on-Afrikaans om dit te beveg nie. Dit het saam met die Union Jack hier ingekom en sal vermoedelik ook weer saam met hom hier uitgaan.

Die O.B. vra nie wie of wat sy volksgenoot in die verlede was nie, mits hy nou onmiskenbaar toon dat hy glo in die aparte voortbestaan van die Afrikanervolk in 'n vrye, onafhanklike republiek. 'n Mede-Afrikaner wat nog altyd verkeerd gestem het staan nader aan die O.B. as 'n Jood wat nog altyd reg gestem het.

Voortgaande het die K.G. gesê dat die krag van die Ossewabrandwag daarin lê dat die manne en vroue in die O.B. mekaar se hande geneem



Dr. J. F. J. van Rensburg

het in onwrikbare kameraadskap en 'n eed geneem het om nooit sy mede-Afrikaner (let wel, nie net sy mede-O.B.-lid nie) in die steek te laat nie of aan die vyand uit te lewer nie. Hierdie soort kameraadskap trotseer die tronke en konsentrasiekampe van die Empire en dit was terwille hiervan dat hoofkomdt. Erasmus van Senekal die tronk trotseer het en nog sal trotseer deur sy mede-Afrikaner in nood te herberg, noodregulasies en wat dies meer sy ten spyte.

VOLKSFRONT

In verband met die parlementêre front van die O.B. het die K.G. gesê dat die geskiedenis die enigste regbank is wat 'n oordeel oor die O.B. kan uitspreek, „en dit maak dus nie saak wat Die Friend of The Volksblad te sê het nie". **Voor daardie regbank staan die O.B. vrygespreek, want daar staan die aanbod van die O.B. wat deur vriend en vyand gelees kan word, nl. om by die laaste verkiesing sy totale organisasie en al sy lede in te skakel om 'n soliede volksfront te vorm en op dié wyse van die teenswoordige regering ontslae te raak. Weens die weiering van dr. Malan om hierdie aanbod te aanvaar, het hierdie front misluk. Hierdie front is dus niks nuuts nie, maar nou egter sal die O.B. daardie inisiatief wat destyds aan ander oorgelaat is, in eie hande moet neem, en wel om die volgende redes:**

Eerstens omdat 'n nuwe situasie geskep is weens die feit dat 80 persent O.B.-lede wat tot dusver nog lede van 'n sekere party was, op 'n onbepaalde datum uit daardie party staan geskop te word, m. a.w. daar sal tienduisende Afrikaners buite in die koue gelaat word wat die prooi mag val van enige jakkals op die politieke terrein wat met verkiesingstyd onder hulle wil kom aas. Die O.B. sal beslis ontrou wees aan sy roeping as volksorganisasie as hy dit toelaat, en sal dienooreenkomstig die nodige stappe doen.

Die tweede rede is minder aangenaam, maar ook dit word slegs objektief behandel in die lig van die feite wat hulleself in die laaste paar jaar openbaar het. Na hierdie oorlog gaan daar dieselfde herlewing en reaksie kom as gedurende die eerste wêreldoorlog en veral gedurende die rebellie van 1914. **Daar sal weer 'n vloedgolf van nasionale bewussyn kom**

(Vervolg op bls. 3, kol. 1)

'N REKORD

Ossewabrandwag Samel £24,000 Met O.B.-Dag In

Die Ossewabrandwag het ondanks alle teenstand en aanvalle kort voor sy groot fondsinsamelings op 8 Aug. verlede jaar, daarin geslaag om met O.B.-dag die rekord van die vorige jaar met meer as £4,000 te oortref.

Hoewel die organisasiehoofkwartier aanneem dat daar nog sommige bedrae uitstaande is, is reeds verslag ontvang van £24,000 wat met O.B.-dag verlede jaar ingesamel is. Hierdie geld word natuurlik verdeel tussen die verskillende kaste van eenhede en hoofkwartiere.

Die opbrengs van die vorige jaar was ongeveer £20,000 en die jaar tevore £14,000, sodat die Beweging in sy moeilike stryd in 'n tydperk van bietjie meer as twee jaar 'n gesamentlike bedrag van £58,000 ingesamel het in drie groot pogings. Elke jaar het 'n aansienlike vermeerdering geopenbaar. Hierdie geld is hoofsaaklik ingebring deur gereelde inspanning van die lede en nie by wyse van grootskaalse kollekte nie. Dit is dus 'n getroue weergawe van die leewnskragtigheid van die Beweging as geheel.

Verder moet nog in ag geneem word dat behalwe hierdie geld nog 'n afsonderlike bedrag van meer as £65,000 sedert 1942 ingesamel is vir die Noodhulpfonds.

Die verskillende gebiede se opbrengste was as volg, met die bedrag van die vorige jaar in hakies:

Gebied A (Wes-Kaapland) £8,879 (£8,500); Gebied B (Oos-Kaapland) £1,900 (£1,600); Gebied C (Vrystaat) £5,900 (£4,000); Gebied D (Natal) £800 (£580); Gebied E £3,600 (£3,300) en gebied F £3,000 (£2,200).

Die Vrystaat toon die grootste vooruitgang met byna £2,000.

● Hou hierdie advertensie dop vir aankondigings van alle pas-verskene Afrikaanse Boeke.

●

Kinderboeke:

OP DIE KLEIN SPOORTJIES
deur Dr. P. J. Schoeman—6/6 posvry.

DRIE VERTELLINGS
deur M. E. R. — 6/- posvry.

Romans:

BOERSEUNS
deur Nic. J. Strydom — 7/4 posvry.

Diereverhaal:

HOBSON — Vlam van die Bantoeberge
7/10 posvry.

Godsdienstig:

Die lewe van ons Here Jesus Christus
deur dr. F. J. B. Malan—6/3 posvry.

Die Gelowige in Christus
deur Ds. G. D. du Toit—1/9 posvry.

●

PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL
Posbus 29, — Stellenbosch.

Het u 'n seun of dogter op die „Universiteit van Stellenbosch"?

Laat hulle hul boeke en benodighede dan by

Pro Ecclesia-Boekhandel!

U Boekhandel, koop!

●

LYSTE VAN VOORGESKREWE BOEKE EN SKRYFBEHOEFTES SAL HIER BESKIKBAAR WEES!

●

So pas verskyn !

Prof. dr. J. Chris Coetzee
(Ons groot Calvinistiese opvoedkundige) se
Inleiding tot die
ALGEMENE TEORETIESE OPVOEDKUNDE
15/6 posvry.

●

Ander Calvinistiese Lektuur:

● *Die Christelike Huisgesin*
deur
Ds. D. F. Erasmus.
2/3 posvry.

● *Die Bybel is die Woord van God*
deur
Prof. dr. J. D. du Toit.
1/9 posvry.

●


Geskiedkundige Werke:

● *Saam Verban*
(Herinneringe uit die Tweede Vryheidsoorlog)
deur
Mev. ds. H. P. van Straten.
5/6 posvry.

● *Die Afrikaanse Vrou*
deur
Eric Stockenström.
6/6 posvry.

●

„LEESLAER" NOVELLE-REEKS



12 TITELS 1/6 STUK, 16/- VIR 12 posvry. — Vra om Besonderhede.

PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL

Posbus 29 — Pleinstraat
STELLENBOSCH

„Siekte vir Dokter van Meer Belang as Gesondheid"

'n Duidelike teenstrydigheid bestaan in Suid-Afrika: aan die een kant het die mediese dienste geweldig gevorder en dit moontlik gemaak vir die bevolking om gesond te wees en aan die ander kant gaan die gesondheid agteruit en is die hospitale vol, het dr. E. Cluver, van die Instituut vir mediese Navorsing onlangs in 'n toespraak verklaar.

Dr. Cluver het gesê dat ongeveer 3,000 geneeshere in Suid-Afrika mense versorg wat hulle die minste nodig het. Die kinders van mindergegoedes is die vatbaarste vir siektes en hulle is grotendeels onversorg.

Geneeshere in ons land bestee nie hul tyd daaraan om die bevolking gesond te hou nie, maar maak hul bestaan deur 10 persent van die bevolking te behandel wat daarvoor kan betaal. Die geneeshere bly op die plek waar daar die meeste geld is en nie die meeste siektes nie.

Dr. Cluver beveel aan dat geneeshere op 'n salarisskaal geplaas moet word, dan sal hulle meer belangstelling daarin hê om siekte te voorkom en die volk gesond te hou. Vandag moet hy pasiënte hê en dit is geen aanmoediging om siekte te voorkom nie.

Wil Wag tot Kaf Afgewaai Is

Die senaat, wat kort gelede nog gekla het dat hulle na twaalf dae van parlementêre bedrywigheid nog geen werk het nie, het toe besluit om maar vakansie te gaan hou tot tyd en wyl daar miskien iets te doen sal wees. Hulle het verdaag tot 12 Maart. Die Parlement het reeds op 20 Januarie begin, sodat hierdie parlementêre veterane so byna twee maande werkloos gestel sal wees. Hulle hoop dat die kafhoop teen daardie tyd so afgewaai sal wees dat enkele korrels sigbaar sal word.

'N VOËLTJIE FLUIT

● Dat sommige persone wat aansienlike bedrae geskenk het vir die H.N.P. se Strydfonds, dit gedoen het op voorwaarde dat daar samewerking moet kom met die Ossewabrandwag.

● Dat sommige leiers van die H.N.P. egter hul tande slyp om hierdie geld veral aan te wend in 'n vernietigende stryd teen die Ossewabrandwag, o.a. deur die oprigting van meer koerante.

● Maar dat daar so 'n sterk stroom binne die H.N.P. ontwikkel tengunste van staking van die stryd teen republikeinse organisasies, dat die hoop bestaan dat die leiers tot besinning gebring sal word.

HAAR SPAARGELD

Karina du Plessis van Alexanderstraat, Paarl, is maar 5 jaar oud en het 13s. 1½d. vir die Noodhulpfonds gestuur wat sy self gespaar het „vir kindertjies wie se pappies in die kampe sit".

Laat die Erwe van die Vaders, vir die Kinders Erwe bly:

Belê u geld in vaste eiendom, en verseker u toekoms. Wil u 'n plaas koop, of verkoop? Bel of skryf ons dadelik

HUURGELD IS BLOEDGELD

Wees die trotse besitter van u eie huis. Ons sal u sê hoe:

Wesrand Eiendoms Verkopings (Edms.) Beperk

Posbus 46, Foon 62-1764.
MARAISBURG

Eenheidsgedagte Wen Veld

Die eenheidsbeweging teen partypolitieke vervolgsug ,waarteen die leiers van die H.N.P. onlangs sterk gewaarsku het, het, na uit verskillende rigtings verneem word, 'n taamlike sterk stoot vorentoe in die afgelope weke gekry. Daar is alle tekens dat die volk moeg word vir die gedurige getwis teen Afrikaners wat net so hard veg vir die vryheidsideale van die volk as die twisters self. Die gevolg is dan ook dat hierdie mense alles in die werk stel om die nodige samewerking in eie kring te bewerkstellig. Op verskillende plekke het reeds so'n saamwerk-beweging begin. **Dit wil voorkom of die houding van die plaaslike parlementslede baie te doen het met hierdie beweging. Waar die parlementslid besadig optree en weier om teen mede-Afrikaners te twis, daar is die samewerking tussen die Afrikaners ook baie goed** — 'n bewys van die kunsmatig aangeblaasde stryd.

Pietersburg en Potgietersrus het al ver gevorder in hierdie rigting, en toe adv. J. G. Strydom, mede-leier van die H.N.P. in Transvaal, onlangs teen sulke samewerking gewaarsku het as 'n poging om die party te ondermyn, het een van sy partylede uit Potgietersrus teen hom stelling ingeneem, en hom versoek om tog nie aan alles verkeerde motiewe toe te dig nie. Die poging word ernstig bedoel omdat hulle besef dat ons volk sal moet saamstaan teen die gemeenskaplike vyande.

Ook in verskillende ander kiesafdelings word hierdie gees waargeneem, veral in Transvaal en die Vrystaat. Die verteenwoordigers van hierdie kiesafdelings oefen sterk druk uit in die koukus van die party, en hoewel hulle nog in die minderheid is, word gemeen dat hulle soveel steun buite die parlement geniet vir hul rigting, dat de H.N.P.-leiding uiteindelik sal moet swig voor de druk van die volk.

Die gebaar wat van die O.B.-leiding inmiddels uitgegaan het om 'n breë volksfront geskep te kry wat die volk voorop sal stel en nie die een of ander organisasie nie, word dan ook allerweë deur die volk verwelkom. Baie invloedryke Afrikaners wat buite die O.B. en die H.N.P. staan, voel gesterk deur hierdie optrede van die Ossewabrandwag en daar kan verwag word dat hulle steeds meer druk op die H.N.P.-leiding sal uitoefen om die twis te staak en 'n breër volksstandpunt in te neem.

£577 VIR KERSMAAL

Klinkende Bewys Van Broederskap

Die hoofkwartier van die Vrystaat meld dat behalwe die geweldige hoeveelheid eetware wat ingevolge 'n beroep in die O.B. vir 'n Kers- en Nuwejaarsmaal aan die geïnterneerdes te Koffiefontein gestuur is, sodat hulle selfs nog genoeg kon weggee aan die Duitse Franse en Italiaanse geïnterneerdes, daar ook nog 'n totale bedrag van £577-4-8 aan geldelike bydrae vir die besondere doel ontvang is. Van Gebied C is £343-11-6 ontvang en van ander gebiede die bedrag van £233-12-2. Die hoofkwartier wens almal wat so mildelik bygedra het te bedank. Hiermee het hulle ons opvatting van broederskap prakties uitgeleef.

VRYHEIDSDAG ROEP:

Dink aan u Broers in Nood !

JUWEELTJIES uit HANSARD

Ons neem onderstaande juweeltjies oor uit toesprake van die Unie se wetgewers in die parlement. Dit gee 'n idee van die kaf wat daar op staatskoste kwytgeraak word:

Mnr. Burnside: „Wel, mnr. die Speaker, ek wil dadelik die opregtheid van die ekonomiese beleid van die Nasionale Party in twyfel trek.

'n AGB. LID: Vertel ons 'n bietjie van jou „whisky".

MNR. VAN DER MERWE: Mag 'n agb. lid 'n dergelike opmerking maak oor 'n ander agb. lid? Die agb. lid word gevra om vir ons te vertel oor sy „whisky".

DIE SPEAKER: Ek sien daarin niks onparlementêrs nie. (Kol. 499 No. 2, 1945).

* * *

MNR. BURNSIDE: Ek sê dat dit volslae politieke onbeskaamdheid is. Met ander woorde sê hy feitlik „ek was 'n slegte seun gewees" (Tussenwerpsels). Dit lê daarin opgesluit: „Vir die afgelope 5 jaar het ek ten minste stilswygend ingestem met die poging om die Unie se oorlogspoging te onderwyn.....

'n AGB. LID: Was jy nie een van die slegte seuns nie?

MNR. BURNSIDE: O nee, ek was een van die seuns met blonde hare en blou oë, selfs al is die kleur nie heeltemal reg nie.

'n AGB. LID: Jy verbeel jou jy is mooi né?

MNR. BURNSIDE: Wel, in ieder geval, sou ek nie omgee om mee te ding met my agb. vriend nie. Ek sal selfs nie omgee om my kunsbeen saam in die kompetisie te gooi nie. (Kol. 496 No. 2 1945).

* * *

MNR. VAN DER MERWE: 'n Mens sal sê as jy so luister na die agb. lede daar oorkant dat hierdie regering totaal niks gedoen het vir ons boere nie.

AGB. LEDE: Hoor! Hoor!

MNR. VAN DER MERWE: Die agb. lede sê „hoor! hoor!" Hulle het seker nie boere in hul distrikte nie. Ek wil die vraag stel aan agb. lede aan die oorkant; wanneer laas was die boere in hierdie land so welaf as wat hulle vandag is? Ek praat nie nou van die droogte nie, maar vandag.

Mnr. POTGIETER: Praat u van die arbeidskwessie?

MNR. VAN DER MERWE: Wanneer was die boere so welaf?

GENL. KEMP: Gooi iets in die water wat jy daar drink.

MNR. VAN DER MERWE: Die agb. lid sal my nie kry om te sê wat ek graag wil sê nie, water of nie water nie. (Kol. 516 No. 2 1945).

* * *

GENL. KEMP: Ek hoop hy sal toesien dat daardie vetterigheid van sy kop nou 'n bietjie afgaan en dat hy sal daal tot die pyl waar hy in aanraking kan kom met sy eie mense en dat hy nie 'n vlugteling moet wees onder sy eie mense nie. Hy moet vandag vlug.

'n AGB. LID: Vir die vrouens.

MNR. BURNSIDE: Dit is verbasingwekkend, vir 'n verandering, mnr. die Speaker, om te vind dat die agb. lid vir Wolmaransstad (genl. Kemp) die kommunistiese gevaar vandag aan sy hart sluit.

'n AGB. LID: Sê u dat hy u omhels?

MNR. BURNSIDE: Hy omhels nie my nie. Die hemel bewaar my..... (Kol. 494 No. 2 7945).

En ons sê: die hemel bewaar ons!

BOEREJEUG SAMEL GELD IN

Veldkte. L. Maartens van Cedarville berig: Die Boerejeugseuns en -dogters van Oos-Grikwaland het nietenstaande ongunstige weer, 'n geslaagde braaivleis- en Volkspelefunksie ten bate van die Noodhulpfonds te Cedarville gehou en die bedraggie van £7-12-0 ingesamel.

„NIE ANTI-JOODS" DOG „BESLIS ANTI-OSSEWABRANDWAG"

In 'n personderhoud met 'n verteenwoordiger van een van die Engelse blaaie het die nuusredakteur van die H.N.P. se Engelse weekblad New Era verklaar dat die beleid nie anti-Joods gaan wees nie, maar „beslis anti-Ossewabrandwag en anti-fascisties".

Die verklaring lui o.a. as volg:

„Ons is nie rassehaters nie. Ons wil nie die Engelse die see injaag of hulle van hul regte beroof nie. Die koerant sal nie anti-Joods wees nie. Dit sal die feite op 'n billike wyse voorstel en sal gekant wees teen alle immigrasie, onderhewig aan sekere uitsonderings. Dit is die eerste ernstige en opregte poging om die twee rasse bymekaar te bring. Dit sal staan vir 'n suiwere demokrasie onder 'n republikeinse regeringstelsel.

„Die koerant sal beslis anti-Ossewabrandwag, anti-Nuwe Orde ens. wees. Ons is beslis anti-fascisties".

BERGBELEID BEPLEIT

Die Landman, 'n boereblad met 'n wye leserskring in Wes-Kaapland, beklaag dit dat daar niks konkreets gedoen word om ons berge teen bosbrande en uitdorring te beskerm nie. Elke keer as 'n brand sy vernietigingswerk verrig het, word 'n kreet van verontwaardiging gehoor, maar verder kom dit ook nie. „Wat nodig is om hierdie euwel stop te sit", aldus die blad, „is 'n nasionale bergbeleid, maar niemand bepleit dit nie. Intussen word ons berge wat ruim 'n kwart van die winterreënstreek beslaan, aanhoudend blootgestel aan roekelose en onoordeelkundige brande, asook aan wanbestuur soos oorbeweiding en verkeerde bewerking langs die hange". Hy meen dat alle opvanggebiede deur die staat beheer moet word ooreenkomstig 'n nasionale bergbeleid ten bate van die gemeenskap as geheel Sodoende sal die watervoorraad verseker word vir die ontwikkeling van die landbou en die nywerheid.

(Vervolg van bls. 1, kol. 3)

wat die Afrikaner put uit die angs en bloed en trane wat sy manne en vrone gestort het binne en buite die Empire-tronke en -kampe.

Maar waar die fakkel toe deur 'n party gedra is van platvorm tot platvorm deur wyle genl. Hertzog en sy makkers, daar vind ons dat die party van wie ons dieselfde optrede nou sou verwag het, geen simpatie het met die manne agter die doringdraad of met hulle agtergeblewenes nie. **Inteendeel, hulle disassosieer hulle van daardie manne met smalende rampokker-benamings en torpedeer selfs die Noodhulpfonds deur betaalde advertensies van Noodhulpfunksies te weier, om maar een metode te noem; hierdie party staan opsetlik en onmiskenbaar afgesonder van sy volksgenote wat in nood verkeer deur die optrede van 'n onsimpatieke empire-regering.**

Die O.B. wat vandag die besieling bring wat die party in die donker dae van 1914 gebring het, sal daardie inspirasie verder dra en vertolk.

Die K.G. het sy toespraak onder langdurige toejuiging beëindig waarna daar geleentheid vir 'n aantal vrae gegee was wat bevredigend beantwoord is.

Isacowitz Se Mense Byeen

Onder leiding van sy voorsitter, sers.-maj. Isacowitz, het die kommunistiesgesinde „Springbok Legion" verlede week in Kaapstad kongres gehou. Die vereniging is die les gelees deur die adjunk-direkteur van demobilisasie, mnr. Harry Welsh, wat verklaar het dat dit wil voorkom of die „Legion" baie sake op sy skouers geneem het wat geen regstreekse verband met die diensdoende soldaat het nie. Hy het hulle gewaarsku dat sommige van die dinge op hul agenda nie deur hom onderskryf kan word nie en net aanleiding tot 'n breuk in die soldate-geledere sal gee. Hulle moet daaraan dink dat daar tienduisende soldate is wat nie aan hul vereniging behoort nie, en dat die teruggekeerde soldaat nie sy belange onder die een of ander politieke kleed bedek wil hê nie. **„Daar is 'n waardigheid in die soldaat wat hom ver bo enigiets soos die partypolitiek verhef", het mnr. Welsh gesê.**

Die kongres het die regering se optrede teen die Broederbond toegejuig, maar het nog nie kans gesien om die aanspreekvorm „kameraad", soos in Rusland in swang, in te voer nie. **Aan die ander kant is 'n voorstel om die konstitusie so te wysig dat nie-blankes van lidmaatskap uitgesluit word, gestoomroller en die voorsteller moes die aftog blaas.** Die verste wat dit in hierdie rigting gekom het, was dat 'n afgevaardigde aanvanklik beswaar gemaak het teen die teenwoordigheid van 'n hele paar nie-blanke soldate. **Sers.-maj. Isacowitz het egter beduie dat dit heeltemal pas in die gees van die vereniging dat hierdie kleurlingsoldate teenwoordig moet wees. Hulle het saamgeveg en moet daarom ook saam georganiseer word.**

Sien Nuwe Party Aan Opkom

Arthur Barlow se weekblad bespreek weereens die moontlikheid van 'n nuwe party. Nadat die blad die posisie van die Verenigde Party ontleed het, kom hy tot die gevolgtrekking dat net die oorlog en genl. Smuts die party aanmekaar hou. Na die oorlog sal Smuts ophou om leier te wees omdat hy vir die res van sy politieke lewe in die buiteland besig sal wees in verband met die vrede. Daarteenoor meen hy 'n duidelike breuk in die Herenigde Party te bespeur deur dat daar 'n sterk seksie is wat na ekonomiese verlossing verlang en bereid sal wees om saam met ander plattelandse lede 'n sterk ekonomiese blok te vorm. Hulle staan teenoor parlementariërs soos Malan, Swart, Serfontein, Erasmus, Louw, Strydom en Le Roux wat meer eng in hul strewe is en 'n gesuiwerde party voorstaan. Die gematigde groep, so meen die blad, sal 'n party verwelkom wat vir die belange van die boer sal veg, „en reeds is daar tekens van ooreenkoms tussen hulle en diegene van die Verenigde Party wat glo aan 'n strenge beheer van boerderyprodukte wat geneig is om die boer bo die verbruiker voor te trek. Hou hierdie gevaar dop dit is 'n werklike", aldus die blad.

PARTYPOLITIEK DIE KANKER

In 'n brief in die Eastern Province Herald verdedig die onafhanklike kandidaat in die Parlementêre tussenverkiesing aldaar, mnr. Hugh Parker, hom teen die beskuldiging dat hy 'n „Quisling" is. Mnr. Parker is 'n aanhanger van die „Social Security"-beweging en hy verklaar dat hy volhou dat bestaansbeveiliging 'n nie-partypolitieke saak moet wees, net soos hy steeds volgehou het dat volksgesondheid 'n saak is wat buite die partypolitiek gehou moet word. Hy laak dit dat iemand van Quisling-gesindheid beskuldig word wanneer hy, met 'n oog vir die wantoestande in ons midde, dit waag om die party te beskuldig wat verantwoordelik daarvoor is, of hom beywer vir 'n verandering in die parlementêre verteenwoordiging.

Ten slotte verklaar mnr. Parker dat hy hierdie tussenverkiesing beskou „as 'n stryd tussen bestaandsbeveiliging vir almal en die nuttelose volksvernietigende kanker van partypolitiek oos in hierdie mooi land van ons beoefen word. Elke parlementslid behoort te besef dat hy die dienaar is, en nie die diktator nie, van sy kiesers, en dat hy met een doel voor oë gekies word, naamlik om die standpunt van sy kiesers in die parlement te verteenwoordig ongeag partylojaliteit. So nie is parlementêre regering 'n klug en demokrasie 'n bluf sonder betekenis".

Veglustige Senuwee

Ons neem die volgende aanhaling uit 'n advertensie vir Die Kruithoring in die Burger oor: „Dr. Malan, een van ons Direkteure skryf: **'Die Kruithoring is die Senuweegestel van die Nasionale Party-liggaam'."**

Die gehalte van die Kruithoring kan geoordeel word aan die houding van twee parlementslede van die H.N.P. by die laaste verkiesing. Die een, dr. Karl Bremer, het dit wyslik geag om homself — al het dit geblyk net tydelik te wees — te onttrek aan die direksie van die blad voor die verkiesing, terwyl die ander, mnr. A. J. Werth, die blad by geleentheid van 'n openbare vergadering gerepudieer het kort voor die verkiesing.

Die blad beskryf homself as „die veglustige nasionale strydblad", en hy sonder 'n spesiale rubriek af onder die titel „Van Minder Belang" waarin hy gereeld teen die Ossewabrandwag tier. By een geleentheid moes hierdie rubriek oorstaan, en die redakteur het toe in vet letters sy lesers om verskoning gevra, m.a.w. omdat daar geen aanvalle op die O.B. verskyn nie.

Ons noem hierdie feite omdat daar aanhoudend deur H.N.P.-sprekers en -koerante verkondig word dat die H.N.P. die Ossewabrandwag in vrede laat, maar dat ons volhard met „aanvalle".

WAT DAAR GEDOEN EN GESÊ WORD

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE, EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE. (Edms.) Beperk

MOREMARK (Posbus 7185) NEWTON

BOLAND BOTTELSTOOR

HOOFSTRAAT 73

PAARL

Foon 984

W. VOIGT (Eiens.) Bpk.

Fabrikante van

Kelder- en Besproeiingsmasjinerie.

Bus 10 . . . HUGENOOT, K.P.

DEFTIGE SOMERSHOEDE in groot verskeidenheid

by

Steyns

Parow se Moderne DAMESMODISTE

Voortrekkerweg — PAROW

TENTOONSTELLING

van

SKILDERYE

deur

Petrus van Emmenis

In „ASHBEY'S ART GALLERIES", KERKSTRAAT 35, KAAPSTAD,

vanaf

SATERDAGMÔRE 3 MAART om 10-30 tot VRYDAG 9 MAART 1945.

L.W. Mnr van Emmenis het verskillende dele van ons ou Karoo en die Transvaalse Bosveld besoek en die hele tentoonstelling bestaan uit landskappe en studies van genoemde dele van ons land en daar wag vir u 'n mooi versameling van hierdie twee haas onbekende mooi dele van Suid-Afrika. Dit is dus heeltemal weg van die alledaagse slamse-buurt en straat-toneel skilderye wat al so holrug gery is.

SPRINGBOK MEUBELS

Die HUIS en KANTOOR MEUBELEERDERS

Ons bied aan Meubels van Kwaliteit teen billike pryse.

BESOEK ONS OF SKRYF OM BESONDERHEDE.

Victoriaweg 171

WOODSTOCK.

Takbesigheid:

Jan Phillipsgebou, Lady-Greystraat, PAARL.

Foon 929.

Dringend Benodig

VIR INBIND VAN O.B.-JAARGANGE HET ONS 'N TEKORT AAN DIE VOLGENDE NOMMERS VAN DIE 3de JAARGANG:

Nos. 15, 37, 38, 39 en 42.

DIT SAL WAARDEER WORD INDIEN OFFISIERE EN BRANDWAGTE WAT VAN HIERDIE UITGAWES HET, DIT SAL STUUR AAN:

DIE BESTUURDER — VOORSLAG (EDMS.) BPK.

Bus 1411 KAAPSTAD

DIE O.B., WOENSDAG, 21 FEBRUARIE 1945

TWEE METODES

Wanneer daar gedink word aan volkseenheid is dit verkeerd om in terme van die een of ander organisasie te dink. Dit is onmoontlik om 'n hele volk binne één enkele organisasie te verenig — en ook totaal oorbodig. **Al wat nodig is is om die eenheid van die volk te erken, veral in sover dit geoponbaar word deur 'n gemeenskaplike strewe na dieselfde doel en teen dieselfde vyand.** As daar twee of meer groepe bestaan wat ongeveer dieselfde ideale nastrewe, sal dit onverstandig wees om hulle tot samesmelting te beweeg, want sodra so iets voorgestel word, tree allerhande ondergeskikte puntjies van vooroordeel en verskil op die voorgrond. Soos iemand dit treffend uitgedruk het: 'n Man is miskien heeltemal bereid om op vriendskaplike voet met sy buurvrou te lewe, maar dwing hom om met haar te trou, dan sal hy niks met haar te doen wil hê nie.

MET DIE VREEMDE

Op die oomblik is daar twee gedagterigtings oor die vraagstuk van volkseenheid. Die een is dié van die H.N.P.-leiding wat eis dat alle ander organisasies moet ontbind en dat hul lede by die H.N.P. moet aansluit, of so nie word hulle as volkskadelike elemente beveg en vernietig, maak nie saak hoe naby hulle aan die strewe van die H.N.P. staan nie. Hierdie houding word pateties uitgedruk in die beleid van die H.N.P. se Engelse weekblad, soos weergegee deur die nuusredaktrise in 'n personderhoud, **naamlik dat hulle samewerking soek met die Engelse, maar beslis nie met die Ossewabrandwag nie. Terwille van die enkele klein verkille tussen die O.B. en die H.N.P. word oor die eie bloed heengestap om eenheid te soek met 'n ander kultuurvolk. Hierdie metode van volkseenheid is uit die staanspoor gedoem.**

ERKEN NET.

Hierteenoor staan die gedagte van die Ossewabrandwag wat slegs erkenning verlang van ons volkseenheid en dit wil versterk deur samewerking op punte van ooreenkoms en uitskakeling van onnodige stryd oor ondergeskikte sake. **Mettertyd sal uit so 'n samewerking vanself 'n hegter eenheid groei. Vir so 'n samewerking is geen formules en ooreenkoms-kontrakte nodig nie — bloot erkenning van mekaar.**

Dit is hierdie soort samewerking wat die Ossewabrandwag beoog met sy parlementêre volksfront waardeur hy die bestaan van aparte organisasies op die agtergrond wil skuif en die volk as geheel op die voorgrond.

O.B. Was Sedert Sy Oorsprong Op Politieke Terrein

'n Bewering wat baie gedoen en nogal sonder meer aanvaar word, is dat die Ossewabrandwag 'n „kultuurorganisasie" wat niks met politiek te doen sou hê nie, was. Mense wat nie eens lid was nie, stry ou lede op en beweer dat hulle nou teen die Ossewabrandwag is omdat dit op „politieke terrein" getree het, en nie meer 'n kultuur-liggaam is nie.

Die O.B. as volksbeweging is seer seker 'n kultuur-beweging, anders kan hy nie 'n christelik-nasionale standpunt bepleit nie; nie die vryheidstryd, onafranklikheid van die Britse parlementêre stelsel, terug na die Boere-republikeinse stelsel en lewensbeskouing, verkondig nie; anders kan hy ook nie die partyskap van twis en tweedrag veroordeel nie, ook nie 'n gesonde volkspolitieke rigting aandui nie. **Om hierdie taak alleen, nl. om die partypolitieke euwel wat Brits en on-Afrikaans is, te beveg, is hy by uitnemendheid ook 'n kultuurliggaam. Maar juis om hierdie rede ook het hy 'n politieke daad te verrig.**

ARTIKEL IV

En wat staan in die ou konstitusie wat al hierdie mense wat vandag die O.B. beskuldig dat hy van sy oorspronklike doelstelling afgewyk het, self onderteken het?

In Art. IV staan: „Die O.B. beoog in alle erns:

„1. Die bestendiging van die gees van christelike nasionalisme..... en die uitbreiding van daardie christelik-nasionale gedagte oor alle terreine van ons volkslewe."

(Dit is die inhoud van die latere gewraakte Omsendbrief 1/41 — die nasionale politieke kern van die Ossewabrandwag).

„4. Die aanmoediging en aankweking van 'n kragtige vaderlandsliefde, nasietrots en vryheidsin by die Boerevolk."

Dit beteken die stryd om vryheid van die Vaderland wat soveel so „politiek" is dat Jopie Fourie daarom doodgeskiet is „weens hoogverraad."

Hoogverraad is 'n politieke „misdaad," maar die stryd om vryheid is ook „tradisie," bewys „nasietrots" wat ook „politiek" is, net soos die „aankweking van vaderlandsliefde" politiek is en as sodanig beklemtoon word waar dit bots met die politiek van Britse tradisie, Britse nasietrots, Britse patriotisme.

KULTUUR-POTITIEK

Die O.B. is teteg 'n Afrikaanse kultuur-politieke sowel as 'n Afrikaanse, politieke kultuur-organisasie — en hulle wat nie eedbrekers was nie, bly trots dat hulle tot hede-toe Art. IV van die ou konstitusie in woord en daad gehandhaaf het, getrou aan hul eed, en hul Afrikaanse kultuur.

Verraaier van sy eie volksiel is hy wat 'n politiek voer, aankleef of uitleef wat nie strook met Afrikaanse kultuur nie maar uitlands is. Sielloos is hy wat Afrikaanse kultuur uit die volkslewe, die volks-politieke lewensbeskouing uitsluit.

Russiese Hegemonie en 'n Angel-Saksiese Dilemma

(Deur Prof. J. A. Wiid.)

Op die geweldige magsverskuiwing in Europa en in die wêreld gedurende die huidige oorlog is reeds herhaaldelik gewys. Niemand minder as veldm. Smuts het reeds teen die end van 1943 hierdie feit gekonstateer toe hy in sy „ontplofbare" toespraak in Londen die na-oorlogse swakheid en armoede van Brittanje teenoor die groot rykdom van die Amerikaanse bondgenoot en die groot mag van die Russiesebondgenoot, die „Russiese kolos", gestel het. Om hierdie groot ongelykheid ietwat minder ongelyk te maak, het hy selfs 'n bond tussen Brittanje en die sogenaamde „Wes-Europese demokrasië" in die vooruitsig gestel.

Sedert die „ontplofbare" toespraak het dinge nog ongunstiger vir Brittanje ontwikkel as veldm. Smuts in 1943 vermoed het. Russiese invloed het orals in Wes-Europa veel grond gewen en is nog altyd besig om hom uit te brei. Niemand kan hierdie feit ontken nie. Nie 'n Frans-Britse bondgenootskap het tot stand gekom nie soos veldm. Smuts in 1943 gehoop het, maar 'n Frans-Russiese bondgenootskap.

Veldm. Smuts en Wêreldgebeure

As die Suid-Afrikaanse premier enige dae gelede in die praathuis Duitsland as die misdadiger en alleen-skuldige in die huidige wêreldramp bestempel, dan bewys dit dat hy die oorsaaklike samehang van wêreldgebeure sedert 1918 nie kan of wil begryp nie. Dit is nie die wysgeer van „Holisme" nie en ook nie die versiende staatsman nie, maar die opportunistiese partypolitikus wat hier aan die woord is.

As veldm. Smuts by dieselfde geleentheid verder beweer „dat die Rusland van vandag nie die Rusland van die verlede is nie en die Rusland van vandag nie die Rusland van 30 jaar verder is nie", dan verkondig hy niks meer as 'n niksseggende halwe waarheid nie. Dit is heeltemal waar dat „Rusland een van daardie jong nasies is wat vorentoe kom, wat naam gemaak het en naam gaan maak. Dis 'n land wat op tog is, wat nie gaan stilstaan nie." Maar dis ook waar dat hierdie jong Rusland wat op tog is en wat op elke gebied so radikaal verskillend is van Brittanje, 'n groter potensiële gevaar vir Brittanje en die Britse wêreldryk kan wees as Nazi-Duitsland ooit kon gewees het. Dit is nie 'n kwarteeu gelede nie dat Smuts as eersteminister die groot Randse staking en onluste aan Moskouse agitasie toegeskryf het. Maar die Moskou van destyds was nou wel nie die Moskou van vandag nie! Die Rusland van destyds b.v. was veel swakker en ongevaarliker as die Rusland van vandag!

Die Yalta-Konferensie.

Daar is vandag baie mense in Amerika en Brittanje wat tot die „ou orde" behoort en wat nogtans saam met Smuts glo dat „die Rusland van vandag nie die Rusland van die verlede is nie" en derhalwe ongevaarlik is. Die Yalta-konferensie wat onlangs gehou is, het egter weereens die Russiese hegemonie of oormag duidelik aan die wêreld geopenbaar. Die feit dat die konferensie op Russiese bodem plaasgevind het, is veelseggend genoeg as in aanmerking geneem word dat niemand minder as Churchill in die Britse Parlement onlangs die wens uitgespreek het dat die „groot drie" hierdie keer tog in Brittanje sal ontmoet. Russiese hegemonie kom egter nog beter tot uiting in die besluite wat op die konferensie geneem is, selfs al is hierdie besluite nie volledig aan ons meegedeel nie.

So is daar b.v. besluit dat 'n kommissie vir die herstel van skade in die lewe geroep sal word. Hierdie kommissie sal gelas word om die omvang en metode van skadevergoeding te oorweeg. **Die kommissie sal sy werk in Moskou doen.**

In verband met Pole is daar besluit dat Molotof, die Russiese kommissaris vir buitelandse sake en die Britse en Amerikaanse gesante in

(Vervolg op bls. 6, kol 3)

BETREKKING VAKANT

Benodig 'n ervare Proefleser vir algemene drukkers besigheid. Meld kwalifikasies, salaris verlang en vroegste datum van diensaanvaarding.

Pro Ecclesia-Drukkery,
(EDMS.) BPK.,
Bus 28 STELLENBOSCH

MAJUBADAG-VIERING

DIE GENERAALSKAP VAN VRYBURG
vier
MAJUBADAG
te
VRYBURG
op
27 FEBRUARIE 1945

Spreker:
Ons Adjunk-Komdt.-Genl.
(GENL. J. A. SMITH)

DIE PLEK VAN BYEENKOMS EN TYD SAL PLAASLIK BEKEND GEMAAK WORD.

Almal Welkom ! !

AMAJUBADAG-VIERING

DIE
SKIEREILANDSE GENERAALSKAPPE
vier
VRYHEIDSDAG
op
Saterdag, 24 Feb. 1945, om 7.30 n.m.
in die
HOFMEYRSAAL, KAAPSTAD.

Bevelvoerende Offisier* H/Genl. *dr. F. D. du T. van Zyl.

PROGRAM:

Opvoering van kantate deur die Remskoen Toneelvereniging.

Dit is bevel dat alle offisiere en brandwagte teenwoordig sal wees.

Belangstellende vriende word hartlik uitgenooi.

Kom seker en dra mildelik by tot die Noodhulpfonds.

Invloed van Parlementêre Stelsel Op die Afrikanervolk

Imperialisme en Geldmag Vernietig Boere-Volkstaat

(I)

— Hierdie artikel is die eerste van 'n reeks waarin mnr. J. F. W. Haak, wat 'n besondere studie van die onderwerp gemaak het, die inwerking van die Britse partystelsel op ons volk uiteensit. —

Ons het so gewoond geraak aan die Britse parlementêre stelsel in Suid-Afrika dat min van ons daarvan bewus is dat dit 'n vreemde stelsel is wat deur Engeland, „as die moeder van ons vryheid", aan ons geskenk is nadat hy ons van ons onafhanklikheid met wapengeweld beroof het. Op verskillende tye is aan die provinsies afsonderlik parlementêre bestuur toegeken, en soos dit vanaf Unifikasie tot vandag bestaan, is dit slegs 'n voortsetting van die stelsel.

Deur die ontwikkeling in die Transvaal na die Engels-Boereoorlog na te gaan, wil ons sekere beginsels van die vreemde stelsel aantoon en nagaan wat die uitwerking van die toepassing daarvan op ons Afrikanervolk is. Die politieke toestand in die Transvaal ontwikkel binne 7 jaar van militêre bestuur tot volle selfbestuur, en dien as voorbeeld van wat in die ander provinsies gebeur het. Die deel van die Afrikanervolk wat hulle in die Transvaal gevestig het, was bekend as die Boerevolk, en daar hierdie artikel tot die Transvaal beperk is, sal ons deurgaans na die Boerevolk verwys. Die 5 jaar wat volg op die Vrede van Vereeniging in 1902 was hoofsaaklik 'n oorgangstydperk waarin die Boer hom binne die nuwe Britse staatsverband georganiseer het, 'n Britse grondwet gekry het, en hom aangepas het by die Britse demokratiese gedagte. Om die veranderings goed te begryp, is dit nodig om kortliks sekere beginsels na te gaan wat die grondslag gevorm het van die Suid-Afrikaanse Republiek voor 1902.

IN DIE REPUBLIEK

Gedurende die 65 jaar wat verloop sedert die Groot Trek tot die Vrede, differensiëer die Voortrekkers hulle volkome tot 'n lewende organiese Boerevolk, wat saamgegroei en saamgebind is deur 'n gemeenskaplike vaderland-, bloed-, taal-, kultuur- en tradisieband, met die geloof in 'n afsonderlike roeping. **Die Republiek**

Deur
J. F. W. HAAK

was 'n staat wat die Boerevolk beliggaam het en was 'n magtige middel waardeur die volk homself kon handhaaf en sy hoogste ideale kon verwesenlik. Die President was gekies deur die volk, en toevallige groeperings of meerderhede in die Volksraad het sy posisie nie verander nie. Daar was geen regeringsondersteuners of 'n offisiële opposisie nie. Herhaalde pogings om partye te stig het misluk. Die President was die sentrale punt waarom alles gedraai het, en Paul Kruger was in werklikheid volkshoof van die organiese Boerevolk In hierdie staat het die lede van die Boerevok hulle veilig gevoel. Nie alleen was dit 'n waarborg vir 'n gesonde volksbestaan nie, maar daarbinne kon hulle hul ewige roeping vervul. Hierdie republiek was 'n VOLKSTAAT in die volste sin van die woord.

VREEMDELING UITGESLUIT

Volgens hierdie opvatting van volk en staat was daar nie vir die vreemdeling plek in die staat nie tensy hy afstand doen van sy ou nasionaliteit en die Transvaal as sy vaderland aanvaar. Die stryd teen die uitlanders was dan ook in werklikheid 'n stryd teen die massastaat wat sou bestaan uit die meganiese versameling van Boere, Engele, Duitsers, Jode, ens., sonder enige innerlike verband, behalwe toevallige samewoning in die Transvaalse Republiek.

Met die Vrede van Vereniging word die Transvaalse Republiek 'n Britse kroonkolonie en die Republikeinse burger 'n Britse ondrdaan. Ons wil aantoon hoe die organiese Boerevolk georganiseer is binne die Britse verband. **Noudat die Boer hom nie meer as Republikeinse burger teenoor die uitlander kon onderskei nie, het hy geen sigbare band met die res van die organiese Boerevolk gehad nie.** Hy het as indiwiduele Britse onderdaan onder die Britse vlag gebly. Saam met die gewese uitlander het hy nou die seëninge van Britse vryheid en gelykheid deelagtig geword. **Sy organiese volksverband is vervang deur die demokratiese staatsverband, d.w.s. gelykheid van almal binne die staat.**

BOERE WEIER

Binne 14 dae is militêre bestuur vervang deur kroonkolonie-bestuur, en word 'n wetgewende raad in die lewe geroep bestaande uit 7 amptenare. Op 4 Junie 1902 het Lord Milner, die Goewerneur van die Transvaal, verlof gekry van die Britse regering om die Wetgewende Raad te vergroot tot 30 lede, saamgestel uit 16 amptenare en 14 aangestelde lede. Milner het o.a. die drie Boeregeneraals, Botha, De la Rey en Smuts genader om die Boere te verteenwoordig, **maar hulle het die aanbod van die hand gewys, omdat hulle gemeen het dat die tyd vir so'n verteenwoordiging nog nie ryp was nie, asook dat hulle nie aan die regering van Milner wou deelneem en sodoende mede-verantwoordelikheid dra nie.** Deur buite te bly was hulle vry om die regering te kritiseer waar nodig, waar hulle dit andersinds sou moes verdedig.

In Artikel 8 van die Verdrag van Vereeniging is neergelê dat sodra omstandighede dit toelaat sal aan die Transvaal 'n vorm van verteenwoordigende bestuur gegee word wat sou lei tot volle selfbestuur.

Vir die jare wat volg tot 1906, ontstaan 'n titaniese stryd tussen die leiers van die Boerevolk wat aandring op nakoming van die belofte vir selfbestuur aan die een kant, en aan die ander kant Lord Milner wat eers Britse oorheersing wil verseker voordat hy tot die toekenning daarvan wil oorgaan.

KAPITALISTE BELAS

In 1903 het Chamberlain, die Koloniale Sekretaris, na Suid-Afrika gekom om 'n oorlogslas van £30 miljoen op die Boerevolk te lê. Onder leiding van Botha en Smuts het die Boere 'n versoekskrif in Engels opgestel en aan Chamberlain voorgelê in die ou raadsaal. Onder andere is beswaar gemaak teen die oplegging deur die Britse Regering van 'n oorlogslas van £30 miljoen op die Boere, voordat selfbestuur aan die Kolonie gegee is. Daar is ook op gewys dat die toekenning van selfbestuur die konsiliasie van die twee blanke groepe sal bevorder. Chamberlain het hulle bedank vir hul lojaleteitsbetuigings, maar hulle goed laat verstaan dat hoewel hy hart en siel vir konsiliasie is, konsiliasie nie die onmiddellike toekenning van selfbestuur beteken nie.

Die weiering van die Boeregeneraals om die oorlogslas op hul volk te lê het vir Chamberlain in 'n moeilike posisie geplaas ,aangesien die Engelse publiek op betaling aangedring het. Hy besluit toe dat nie diegene wat die oorlog uitgelok het nie (d.i. die Boere) maar diegene ten behoewe van wie die oorlog gevoer en wat daardeur bevoordeel is, dit moet betaal. Chamberlain het met die mynmagnate onderhandel en die firma Ekstein & Kie. het namens die mynmaatskappye betaling van die eerste £10 miljoen gewaarborg namens die bevolking tot tyd en wyl selfbestuur toegeken word en die volk die las kan dra. In twee gevalle kon op die borge geroep word om self te betaal: (1) In geval selfbestuur nie gou gegee word nie en; (2) Indien selfbestuur toegeken word, maar die Boere 'n meerderheid behaal en besluit om nie die skuld te betaal nie. **Indien hierdie mynbase dus nie hulle hand baie diep in hul eie sak wou steek om self £10 miljoen te betaal nie, was dit vir hulle van die grootste belang om hulle daarvoor te beywer dat selfbestuur binne kort tyd gegee word, maar daarby moet hulle sorg dat die Boere-element nie die oorwig in die landsbestuur kry nie.**


STRYD OM SELFBESTUUR

Die kapitaliste het nou direkte belang gekry in die politieke ontwikkeling in die Transvaal en hulle beywer vir die toekenning van verteenwoordigende bestuur, en die toekenning van verantwoordelike bestuur met alle middels tot hul beskikking te beveg.

Al die lede van verantwoordelike bestuur word deur die kiesers gekies en die ministers is aan die volksraad verantwoording verkuldig. Die myngroepe het nou 'n vorm van verteenwoordigende bestuur voorgestaan waarby 'n sekere aantal lede deur die kiesers gekies word en die res word aangestel deur die Imperiale Regering. In geval dus die meerderheid van verkose lede simpatiek was teenoor die Boere, kon hulle nog oorheers word deur genoegsame Britsgesinde lede aan te stel. Die kapitaliste het dus gemeen om hulle te beywer op politieke gebied om 'n Britsgesinde regering aan bewind te kry wat dan die oorlogslas op die bevolking sou lê.

Ons sal verder sien hoe dit gevaar het met die stryd wat die kapitaliste aangeknoop het en wat hulle bereik het.

Politieke Slagoffers van 'n Partybewind



MNR. A. A. STULTING.

Mnr. A. A. Stulting was lektor in sosiologie aan die Universiteit Pretoria en 'n senior offisier in die Ossewabrandwag. In Augustus 1941 geïnterneer; in Oktober dieselfde jaar ontsnap en voortvlugtig vir 'n jaar en vier maande. In Februarie 1943 vrygestel. Tans werksaam in Kaapstad.

„Ek sal my mede-Afrikaner nie in die stryd verlaat en hom nie aan die vyand uitlewer nie".

INSAMELINGS AL AAN DIE GANG

Uit Brooklyn, Kaapstad, word van die Christiaan de Wet-Vroue-kommando berig dat die woekergees daar sterk pos gevat het. Op 'n geslaagde verkoping aan die huis van veldkornette Visser, gereël deur haar en haar offisiere, is die mooi bedrag van £13-10-0 ingesamel. Ook die ander offisiere hou gesellige aande met die oog op fondsinsameling, wat baie suksesvol afloop.

Aandag Pretoria !

VRYHEIDSDAGVIERING AMAJUBADAG

Word feestelik gevier op
Klipkoppies, Pretoria,
SATERDAG, 24 FEBRUARIE 1945
vanaf 2 nm.

Toespraak:
7 nm. Kommandant-Generaal.

Middagprogram:
Toutrek, Jukskei, Volkspele, Skyfskiet, Verversings ens.

Aandprogram:
Musiek, Sang, Voordragte ens.

Alle Brandwagte en O.B.-gesindes is hartlik welkom.

VERGADERING !

Die **Bellville Kommando's** nooi die Kommando's van Generaalskap A2 en alle vriende uit na 'n vergadering in die

KERKSAAL, BELLVILLE


op

8 Maart 1945 om 7.50 nm.
(stiptelik)


Spreker:
Ons Adjunk-Komdt-Generaal
Genl. J. A. Smith.

Kom Seker ! !

Ondersteun ons Blad deur ons Adverteerders te steun.



NEEM TOE IN POPULARITEIT



IN 'N VERANDERENDE WÊRELD
Kommando
-SIGARETTE
ROND OF OVAAL
WAARDE VIR GELD
BH 2275

Geklassifiseerde Advertensies

TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES:

Handelsadvertensies: 3d. per woord, minimum 6/- per plasing.

Persoonlike Advertensies: 2d. per woord en 6d. vir elke afsonderlike versreël — minimum 4/- per plasing. Advertensiegelde is streng vooruitbetaalbaar. Stuur advertensies aan Voorslag Edms. Bpk., Posbus 1411, Kaapstad.

INTEKENGELD. (Streng vooruitbetaalbaar.)
Deur Kommando: 6/- per jaar, 3/- per halfjaar.
Nie deur Kommando maar direk by Voorslag Edms. Bpk.: 10/- per jaar, 5/- per halfjaar.
Adresveranderinge: 1/- per adresverandering.

GEBOORTE

VAN DER MERWE.—Aan Mnr. en Mev. Gideon J. v. d. Merwe, van Agnes, Tzaneen, 'n groot Boeredogter op die 7de Februarie. Hom kom die eer toe. Dank aan verpleegster. Lang lewe die Ossewabrandwag.

VERLOWING

KURSUS in Huishoudkunde:—Vir alle jong dames en huisvrouens nou gereed. Kookkuns, Klere Skoonmaak, Huisbestuur, ens., ens. Volle besonderhede van: **Boerdery Korrespondensie Kollege, Posbus 10, Noordbrug, Potchefstroom.**

LAUBSER-LOTZ. — Die verlowing word bekend gemaak van Korporale Winnie Lotz, tweede oudste dogter van Mnr. en Mev. J. Lotz, Camdenweg, Brooklyn, met Edwin Laubser van Elsies Rivier.

VAN ZYL — SMIT. — Die verlowing wat op Saterdag, 10 Februarie 1945 plaasgevind het word hiermee bekend gemaak van: Mara, tweede jongste dogter van Mnr. en Mev. J. J. van Zyl van Fauresmith, en Petrus, tweede oudste seun van Mnr. en Mev. C. J .Smit, van Pretoria.

HUWELIK

DE JAGER — REYNEKE. — Aan al ons familie en O.B.-vriende maak ons, Hester, van Senekal, en Hermanus, van Mooiklip, Aberfeldy, bekend dat ons D.V. Dinsdag, 6 Maart om 10.30 v.m., in die Ned. Geref. Kerk te Senekal trou. Telegramme: Senekal.

PERSOONLIK

BARBICAN-ATELJEE. — U hoef nie langer te soek na Afrikaanse Fotograwe nie! Kunswerk van eersteklas gehalte, wêreldbekend. Portrette, Paspoort- en Lisensiefoto's. Barbicangebou, Presidentstraat. Teenoor Stadsaal Johannesburg. Foon 33-6756.

DAMES en Here Haarkapper. Permanente haargolwing. Handelaar in tabak en fantasiegoedere. Agente vir die beroemde Election-horlosies. W. J. Grobbelaar, Kerkstraat 82, Potchefstroom. Foon 330.

ONDERSTEUN 'n Afrikaner-firma, reeds 40 jaar tot u diens. Stuur u produkte, pluimvee en lewende hawe aan: H. Basson, Markagentskap, Breestraat 100, Newton.

ONDERSTEUN 'n Afrikanersaak. A. P. Swart vir Kruideniersware, eetware en alle ander benodighede. Carolinestraat 95, Brixton. Foon 35-1879.

ONMOONTLIK? Waarskynlik is dit glad nie onmoontlik vir u om u gesondheid volkome te herwin nie. As u aan enige kwaal ly, afgesien van hoe ernstig dit is en of dit tot hiertoe as ongeneeslik beskou is, skryf aan ons en verstrek volledige besonderhede. Geen medisyne, geen heelkundige toestelle nie, en u staan onder geen verpligting nie. The Scientific Health Institute, Posbus 1336, Kaapstad.

BELANGRIK VIR BOERE

ONS bied aan:— Kursus in Varkboerdery. Kursus in Skaapboerdery. Kursus in Tabakboerdery. Kursus in Huishoudkunde. Besonderhede van:: Boerdery Korrespondensie Kollege, Posbus 10, Noordbrug, Potchefstroom.

POPULÊRE RESTAURANT; Langstraat 164, Kaapstad, foon 2-1995. Smaaklike etes en gesellige atmosfeer. Ontvangste en spesiale dinees vir 32 mense kan gereël word. Sondae ook oop.

WESTMINSTER - HAARKAPPERSALON. — Bestuurder J. P. Olivier. Die Salon vir here wat nie met die middelmatige tevrede is nie—Kerkstraat 4, Kaapstad. Foon 2-8831.

BETREKING VAKANT

BENODIG Jakkalsjagter. Applikasies vir hierdie betrekking moet ondergetekende bereik voor einde Maart. Pos duur vanaf 1 Mei tot einde September volgende. Vrye losies en jagperd verskaf. Meld salaris verlang, ouderdom en ondervinding. — P. J. du Plessis, Vinkrivier, P.K. Langvlei.

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bpk., Stellenbosch.

VERJAARDAGKETTING

22 Feb.: Gerrit Maas, Lambrechtsdrift; Elizabeth v. Dyk, Sidwell; Philippus de Vos, Stellenbosch; Christiaan le Roux, Hottentsrivier; Miriam Wagener, Kirkwood; Christiaan Liebenberg, Upington; Elizabeth Annandale, Zeerust; Jacobus Swanepoel, Koedoeskop; Willem Botha, Koedoeskop; Christiaan Rudolph, Silent Valley; Albertus Brink, Wesselbron.

23 Feb.: Frank Smith, Beaufort-Wes; B. Potgieter, Somerset-Oos; Anna Bothma, Beaufort-Wes; Christiaan v. Rensburg, Eppingtuin; Anna Mostert, Port Elizabeth; Denzil Langeveldt, Woodstock; Adam Barnard, George; Yvonne Minnaar, Paarl; Andries Smit, Fraserburg; Elirestina Vermeulen, Carnarvon; Andries Smit, Bethlehem.

24 Feb.: Mieluns Visser, Duiwekop; Linda du Toit, Observatory; Katharina v. Wyk, Hugenoot; Hennie van Heerden, Tarkastad; Ellis van Rensburg, Groot Brakrivier; Martha Botha, Groot Brakrivier; Jan Bezuidenhout, Port Elizabeth; Madalena Wilken, Doornboom; Rudolph Boshoff, Philippolis.

25 Feb.: Awie Visser, Sutherland; Martha v. Zyl, Moorreesburg; J. Burgers, Bellville: Ena Venter, Malmesbury; Ella Coetzee, Rustenburg; Catherina Erasmus, Rustenburg; Anna Bekker, Prootpan; Elsie Esterhuyse, Vryburg.

26 Feb.: Johannes Kitshoff, Vlottenburgstasie; Hendrik Lubbe, Stellenbosch; Johann Louw, Sulder Paarl; Jacobus Liebenberg, Lambrechtsdrift; Simon Uys, Malmesbury; Wilhelmina Brand, Parow; Stefanus Bekker, Beaufort-Wes; Johannes Bekker, Beaufort-Wes; Christiaan Venter, Dendron; Heila Steyn, Middelburg; Hester v. Staden, Marico; Sybel Hoogendyk, Zeerust; Helena Walters, Rustenburg, Aletta Badenhorst, Middelburg; A. E. de Meyer, Marico-Draai.

27 Feb.: Amelia du Toit, Port Elizabeth; Isa Slabbert, Paarl; Nellie Lombard, Bedford; Elizabeth Krause, Kirkwood; Andries Lubbe, Tiervlei; Diena v. Tonder, Somerset-Oos; Frank Scheun, Beaufort-Wes; Anna Booysen, Koster; Johannes Sauer, Ohrigstad; Anna v. Jaarsveld, Mamagalieskraal.

28 Feb.: Manie Groenewald, Eppingtuindorp; Jenny Basson, Stellenbosch; Joachim Victor, Merweville; Pieter Venter, Oos-Londen; Joseph Nell, Port Elizabeth; Robert Visser, Nababeep; Petronella Rautenbach, Humansdorp; Catharina Cronje, Senekal; Elizabeth Jooste, Montagu; Betsie Rootman, Rustenburg; Marie Welthagen, Rustenburg; G. P. Joubert, Mamagalieskraal; Matheus Willemse, Koedoeskop.

29 Feb.: Daniel Freeman, Eppingtuindorp; Jossie Pieterse, Rustenburg.

BETREKKING VAKANT

BENODIG: Applikasies word gevra vir Motor Werktuigkundige by **Roelou Barry (Eiens.) Bpk., Bonnievale.** Applikasies wat voor Saterdag, 9 Maart moet in wees, moet vergesel gaan van alle inligting insake ouderdom en kwalifikasies, ondervinding, jongste getuigskrifte, salaris verlang en wanneer dienste aanvaar kan word. Applikant moet ongetroud wees.

BENODIG. — Bestuurder vir Motor Spaardele en Algemene Voorrade departement. Moet ondervinding hê van inkope en algemene bestuur. Meld ouderdom, kwalifikasies, ondervinding, salaris verlang en wanneer dienste aanvaar kan word. Applikasies moet in wees voor Saterdag, 24 Februarie. Goeie vooruitsigte. Roelou Barry (Eiens.) Bpk., Bus 99, Robertson.

BENODIG. 'n Blanke Afrikaanssprekende dame om vir drie kinders onderwys te gee vanaf aanstaande kwartaal, 9de April; een std. I en twee std. II. Salaris £12 per kwartaal met vry inwoning. Vir verdere besonderhede doen aansoek by J. J. Coetzer, Waterkloof, P. K. Brentford, Somerset Oos, K.P.

BENODIG: 'n Eerlike, fatsoenlike jongkêrel, ongetroud, vir algemene werk op saaiplaas in die Koeberg. Moet kan werk met trekker; Boerseun by voorkeur. Salaris £6 per maand, vry inwoning; 1 April te begin. Skryf aan A. Loubser, Bus 1, Durbanville.

TE KOOP

EERSTEKLAS UIESAAD. Vroeë Kaapse Plat Geel, 7/6. Australiese Bruin, 6/-. Spaanse Bruin, 6/-. Kaapse Strooi, 6/-. Alles per pd. **Gert van Rooyen, Bus 41, Uniondale.**

GROENTESAAD. — Chantenay en Nantes-wortelsaad 12/-. Donkerdetroitbeetsaad 10/-. Australiese Bruinuiesaad 7/-. Almal per pond. 2/- Duurder op halfponde. Spesiale afslag vir meer dan 40 pond. Alles gesertifiseer. K.M.B. Posvry. Premier Saadkwekers en Verspreiders, Schoemanshoek, Oudtshoorn.

MEUBELS. — Besoek of skryf aan die saak waar u waarde, diens en tevredenheid kry. Petra-Meubels Bpk., Sentraalstraat 220, Pretoria. Posbus 1356. Foon 2-0194.

MUILE. — 4 geleerde merries, 4 tande gewissel, twee bruines en twee swarties. £24 stuk op Le Roux Stasie gelewer. Om verdere besonderhede skryf aan Mnr. le Roux v. d. Westhuizen, P.K. De Rust, Oudtshoorn.

ONS bied aan Gesifte Karoomis teen 38/6 per ton; Rumis teen 12/6 per ton (minimum 12 ton); Ganna Loogas, die beste soutiek teen gellsiek en haarwurm, teen £1 per sak. V.O.S. ons stasie. Aflewering dadelik. 90% afslag op spoorvrag aan Transvaal en Natal boere. Kontant met bestelling aan Noordelike Kaap Soutpanne, Posbus 58, Prieska.

SOUT onmiddellik versend A 1, 59/-; No. 1, 54/-; No. 2, 49/- per ton. V.O.B. Soutpan. K.M.B. — H. J. de Beer, Rusplaas, P.K. Florisbad.

SOUT. — Ondersteun u mede-Afrikaner: Spesiale AI £2-19-2, Sneeuwit No. 1 £2-14-2, Wit No. 2 £2-9-2 per ton vry gelaai soutwerke. Adres: M. Venter P/sak Arbeidsloon, Bloemfontein.

TROUROK: Swaar wit satyn stofasie met lang moue en kort sleep. Lengte 5 vt. 6 dm. Borsmate 34 dm. — 36 dm. Doen navraag saans tussen 6 n.m. en 8 n.m. by Kloofstraat 109, Tuine.

VAN'S CONCRETE PRODUCTS. — Terazzo, Kombuis- en handwasbakke, baddens, septiese tenks, pilare, vloertëëls, voertrôe. Enigiets in beton. Direkteure: P. W. en P. G. van Heerden, Potgieterstraat 258, Pretoria.

WYNE

5 GELLING Muskadel-likeur £2-12-6; Anker £3-17-6. 5 gelling Rooi of Wit Muskadel-Jeripigo of Beste Ou Port £2-2-6; anker £2-2-0; 5 gelling Rooi Soet Muscadel £2; anker £2-18-6. 5 gelling Worcester Hock, Soet Sjerrie of Half-soet Muscadel £1-15-0; anker £2-11-0. Voorwaardes: Kontant of K.B.A. Wyn gelewer Bonnievale-stasie. Vaatjies moet teruggestuur word. J. C. Jonker, Weltevrede-Wynmakery, Posbus 6, Bonnievale, K.P.

Russiese Hegemonie en 'n Angel-Saksiese Dilemma

(Vervolg van bls. 4, kol. 4)

Moskou 'n kommissie sal uitmaak wat met „ander demokratiese Poolse leiers binne en buite Pole" sal beraadslaag. In hierdie verband dien daarop gewys te word dat Molotof 'n hoër status het as sy Britse en Amerikaanse kollegas en dat die beraadslaging in Moskou sal plaasvind.

Wat die moeilike Poolse grenskwessies betref, is die drie staatshoofde die mening toegedaan dat die oostergrens van Pole die Curzonlinie moet wees. M.a.w. 'n groot deel van die vooroorlogse Pole kom in Russiese besit. Vir hierdie verlies sal die Pole grondgebied in die noorde en die weste, d.w.s. Duitse gebied ontvang. Dit is ook opmerklik dat lande soos die Baltiese state, Finland, Roemenië, Bulgarye en Hongarye, waar die Rooi leër vandag die hoogste woord voer, glad nie in die besluite van die Konferensie genoem word nie.

As die wêreld nog 'n bewys wil hê van die Russiese oormag in Europa, dan het die Yalta-konferensie hierdie bewys gelewer.

Amerikaanse advies en troos.

Die wêreld het egter nie meer 'n Yalta-konferensie nodig om hom van 'n Russiese hegemonie en 'n Angel-Saksiese dilemma te oortuig nie. Die wonderlike militêre prestasies van die Russe is oortuigend genoeg. En as veldm. Smuts, wat hierdie potensiële Russiese gevaar waarskynlik beter insien as enig iemand anders in Suid-Afrika, om politieke redes anders in die parlement praat, dan verander dit niks aan die werklikheid nie. In die lande van die bondgenote word ander stemme al meer en meer hoorbaar. In Amerika en Brittanje tree die gevaar van Russiese hegemonie in Asië en Europa al duideliker voor die dag. Ek het hier voor my 'n artikel in die Amerikaanse weekblad „Time" (13 Nov. 1944) betiteld: die uitdading (the challenge) en die uitdager (the challenger). Dis onnodig om te sê dat die uitdager Rusland en die uitdaging die Russiese aanhitsing en ophitsing van die wêreld-proletariaat teen die regerende klasse en bestaande toestande is. Hierdie bekende Amerikaanse weekblad — en hy is maar een van baie — glo nie „dat die Rusland van vandag nie die Rusland van die verlede is nie". Die enigste advies wat hierdie blad aan die kapitalistiese wêreld kan bied is om sy eie sosiale euwels uit die weg te ruim en dus die Bolsjewistiese vuur te steel. Terselfde tyd word die hoop uitgespreek dat die Russiese Kolos vir ten minste een geslag so besig met weeropbouwerk sal wees dat hy sy aandag nie aan buitegrense aangeleenthede sal kan skenk nie. Voorwaar moeilike advies vir die gehawende na-oorlogse wêreld en droewige troos vir die jong mense van vandag!

MEUBELS

PRYSE STYG VINNIG.

KOOP NOU !

ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT MEUBELS IN VOORRAAD.

Werda Meubelhandelaars

(Eiendoms.) Beperk,

Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.

Posbus 216. Foon 2-6800.

MARKAGENTSKAP

VROEË MÔRE-MARK

KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

MINNAAR & VAN SCHOOR

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-0212.

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS

SCHOEMANELLO DRANK....

VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOODKOOPSTE

	Per Bottel van 1 tot 12 in 12-bottel kissie.	Per Gelling in vaatjies van 5 gels. of meer.
WYNE:		
Fonkelwyn	7/-	—
Lewenswyn	3/9	—
Vermouth	3/-	—
Hanekraai — Cocktail	4/-	—
SOET WYNE:		
Likeurwyn en Ou Port	2/6	11/-
Ou Wit Port en Sauterne	2/6	—
Port, Rooi Soet Muskadel, Wit Soet Muskadel	1/8	8/-
Jeripigo, Rooi en Wit	1/9	8/6
Worcester Hock en Pontak	1/7	7/6
SJERRIES:		
Amontellado (Droë), Kimberley Klub (Droë), Ou Bruin (Soeterig), Ou Oloroso (Soet),	2/9	—
Goue (Soet)	2/6	10/-
Spesiale (Soeterig)	1/6	7/3
Sjerrie (Soeterig)	1/5	6/9
DROË WYNE:		
Burgundy	1/9	—
Claret en Wit Droë	1/6	—
BRANDEWYNE:		
Super de Luxe	8/6	—
De Luxe	7/6	39/-
Ekstra Spesiaal	7/-	37/-
F.C.	6/6	36/-
Buchu	7/6	—
JENEWER	7/6	—
LIKEURS:		
Creme de Cacao	7/6	—
Goue Manderin, Curacao, Kummel, Piesang, Perske, Appelkoos	7/-	—
Naeltjie	6/6	—
Kersie, Anys, Gemmer, Lemoen, Van der Hum, Peperment	6/6	34/-
JENEWER-LIKEURS:		
Lemoen en Suurlemoen	7/6	—

5% of 1/- per £ afslag wanneer Kontant met Bestelling gestuur word.

Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 15/- vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissies van 12 bottel kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme: — K.M.B. plus treingeld na sylyne, K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van

JURGENS SCHOEMAN,

POSBUS 142, — OUDTSHOORN.